Dissipelskap: Deel 7

'n Dissipel leef onder beskerming van die Here

-Psalm 121-

Die Psalm verwoord die bewussyn van pelgrims dat hulle nie op hulle eie die gevaarlike tog na Jerusalem kan aanpak, sonder dat die Here as hulle Beskermer optree nie. Trouens, sy beskerming is nodig in elke faset van die lewe.

Die Psalmis kyk dus op na die berge en vra amper op ‘n retoriese wyse vanwaar sy hulp sal kom. En antwoord onmiddellik dat dit van die Here, die Skepper (Maker) van die hemel en die aarde af sal kom.

Die berge kan op verskillende maniere geïnterpreteer word (negatief of positief):

- Dit kan die fisiese berge wees wat ‘n uitdaging was op hulle reis (vgl. Ps. 23:4 se “*donker klowe*”) (negatief).
- Dit kan ook die berge van die *”gode”* wees wat as ‘n bedreiging geskets word, waarteen die Skepper van die hemel en die aarde die beskerming kan bied (negatief).
- Dit kan die berge van Jerusalem wees waarop die tempel gebou was as simbool van God se teenwoordigheid (positief).

Die beskrywing van God is dan met die negatiewe interpretasie ‘n uitkoms in gevaar, en met ‘n positiewe interpretasie die bron van die uitkoms in gevaar. Hoe dit ook al sy, die Psalm besing dus die ***beskerming*** van die Here teen fisiese en geestelike gevaar. Regdeur word die klem daarop geplaas. Ses keer word verskillende verbuigings van die Hebreeuse woord *beskerm* of *wag hou* (*sjâmar*) gebruik wat op God se beskerming van die pelgrims van toepassing gemaak word.

Dié Psalm bely dus ‘n God wat op omvattende wyse vir sy mense sorg. Hy is paraat in elke omstandigheid wat hulle kan tref. En Hy doen dit: “*nou en vir altyd*”:

- Twee keer word gesê dat dié Beskermer van Israel nie insluimer of slaap nie, d.w.s Hy sal dus nie toelaat dat jou voet struikel nie. Hy is met jou in alles wat jy doen (121:3). GOD LAAT NIE TOE DAT JY STRUIKEL NIE.
- Die Beskermer doen dit nou en vir altyd, d.w.s. Hy sal nie soos ‘n wag op diens aan die slaap raak nie. Hy is dus met jou selfs wanneer jy slaap (121:4,8). GOD HOU ALTYD WAG OOR JOU.
- Hierdie Beskermer is soos die skaduwee aan jou regterhand, d.w.s. as jy jou skild in jou linkerhand hou, soos soldate dit gewoonlik gedoen het, sal Hy aan jou onbeskermde kant die wag hou. Hy is daar waar jy nie kan bykom nie (121:5). GOD SORG VIR JOU TEEN ONVOORSIENE AANVALLE.
- Hierdie Beskermer sorg dat die son jou nie bedags “*dodelik tref*” nie en snags ook nie die maan nie (121:6). Die son en maan is baie keer met “*gode*” verbind. Dit kan ook as metafore staan vir alles wat ‘n mens kan tref regdeur die dag. God is dus daar waar jy nie noodwendig beheer het nie. GOD SORG VIR JOU TEEN BOSE AANVALLE.
- Die Beskermer beskerm teen alle onheil wat jou lewe bedreig. Hy is daar waar jy geen impak kan maak uit eie krag nie (121:7). GOD SORG VIR JOU IN ALLE ONHEIL.
- Die Beskermer sorg vir jou uitgaan en jou terugkoms, d.w.s. wanneer jy van die huis af weggaan en wanneer jy daarheen terugkeer (121:8). GOD SORG VIR JOU OP ELKE REIS.

Jy kan dus vandag ingaan met dié versekering van God as Beskermer. Daar is nie ‘n beter belofte as dít nie. Jy kan op Hom staatmaak en van Hom afhanklik lewe. Hy is in staat om vir jou te sorg.

In die NT word dié belydenis uitgebrei dat hierdie beskerming van God nie net met aardse beskerming te make het nie, maar veral met die beskerming vir God se koninkryk. Ons oog is dus nie meer soseer op die aardse Jerusalem gerig nie, maar op die hemelse Jerusalem. Ons kan dié Psalm dus ontvang as ‘n belofte dat die Here ons sal beskerm om in sy hemelse koninkryk aan te kom. Soos Paulus dit ook bely: “*Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen.*” (2 Tim. 4:18). Petrus getuig ook van die Here se beskerming oor my en jou in 1 Petrus 1:3-*5 "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God*

veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word."

Lees ook gerus Psalm 91 wat ‘n baie besondere Psalm is. Dit bied ‘n besondere perspektief op die skuiling wat jy by die Here kan vind